

## **Kol 3:18-24; Spr 31 Wees 'n goeie pa en 'n goeie ma! Vry 19 Junie 2020**

**Bron** Wiersbe, WW. 2003 The Bible Exposition Commentary. p.432-439

<https://www.netwerk24.com/Sarie/Argief/wees-die-beste-ma-wat-jy-kan-wees-20170914>

Elkeen van ons het 'n pa en 'n ma of jy hulle ken of nie. Die meeste van ons het met dankbaarheid in 'n ouerhuis grootgeword. Maar ...

- Wat onthou jy van jou pa of ma?
- Was jou pa en ma rolmodelle in jou lewe?
- Was hulle afwesig?
- Watter rol het hulle vervul in jou vormingsjare?
- Het hulle enige rol vervul in jou lewe?

Ek het 'n vriend wat baie swaar grootgeword het. Sy ma het vroeg in sy lewe hulle ontval. Sy pa het gewerk en was grootliks afwesig. Nogtans het hy en sy broer as gelowige en koersvaste mense ontwikkel. Hy is 'n aktiewe, diep gelowige christen, wat sy huisgesin ook in godsdiens en in liefde bedien. Hy het nie ander blameer nie, maar gelowige die stang vasgebyt en 'n pragtige man, pa en vriend geword.

'n Amerikaanse sielkundige, Diana Baumrind het ten minste **drie modelle van kinderopvoeding** geïdentifiseer wat sy genoem het, **die outoritêre, die toegeeflike en die gesaghebbende style**. Maar as ons regtig wil weet wat is 'n goeie pa en 'n goeie ma is, moet ons net na die Bybel gaan en veral die boek Spreuke. Spreuke is deur God aan ons gegee as die volmaakte manier om oor verhoudinge te dink en uit te leef. Ook in ons Skrifgedeelte **Kol 3:18-21**, word die verhoudings direk aangespreek.

18 “**Vrouens**, wees aan julle mans onderdanig soos dit pas by mense wat in die Here glo.

19 **Mans**, julle moet julle vrouens liefhê, moenie die lewe vir hulle bitter maak nie.

20 **Kinders**, wees in alles aan julle ouers gehoorsaam, want die Here verlang dit van kinders wat in Hom glo.

21 **Vaders**, moenie gedurig by julle kinders fout soek dat hulle moedeloos word nie.”

**1 Wees 'n goei pa! Spr 1:8** “My seun, jy moet luister na die onderrig wat jou vader jou gee; moenie wat jou moeder jou leer, verontagsaam nie.”

'n Pa moet nooit sê, maak soos ek sê en moet nie maak soos wat ek doen nie. Nee jou woorde en dade as pa moet ooreenstem. Wat bedoel ons dan as ons sê: “Wees 'n goeie pa!” God alleen is volmaak goed. Maar Jesus Christus is ook die een wie ons navolg. 'n Goeie pa het Jesus Christus as sy Leidsman. Jesus Christus het ons so liefgehad dat Hy sy eie lewe vir ons afgelê het. Hy het nie op sy troon in die hemel bly sit en na ons afgekyk nie, maar Hy het tussen ons kom woon. Hy het nie aardse eer nagejaag nie, maar Hy het liefde, geregtigheid, eerlikheid en die eer van God sy Hemelse Vader uitgeleef. Jesus het alles gegee, sy liggaam en bloed sodat ons kan lewe.

Wees 'n goeie pa beteken dus dat jy alles vir jou vrou en kinders feil moet hê. Dikwels dink ons as pa's dat ons aan ons vrouens en kinders baie geld, 'n gemaklike lewe en rykdom moet gee.

Dit is egter nie wat blywend is nie. Blywende dinge is die liefde wat ons gee. Liefde vra kwaliteit-tyd wat jy saam met jou kinders moet deurbring. Hierdie tyd is om saam te werk, saam te speel, saam te praat en die allerbelangrikste, om saam die Here te dien en te aanbid. Vra die vraag aan jou kinders:

- Wat onthou jy van jou grootword?
- Wat was die lekkerste tye?

Gee aandag aan die antwoord. Want onthou, die tyd van opvoeding gaan verby. Jou invloed raak al hoe minder en minder hoe ouer hulle word. Maak daarom die beste gebruik van elke geleentheid.

**2** Wees 'n goeie ma! **Spr 6:20** "My seun,...wat jou moeder jou leer, moet jy nie in die wind slaan nie."

**In Spreuke 31:10-31** lees ons van die byna volmaakte vrou. In die boek Spreuke veral word daar baie oor die vrou geskryf. Die vrou van Spreuke 31 het 'n knap karakter, groot wysheid, baie talente en medelye gehad. Sommige mense dink dikwels dat vrouens tuis moet bly, stil en op die agtergrond, en dat sy nie iets anders as 'n huisvrou mag wees nie. **Allermens.** Hier lees ons van 'n knap vrou wat haar huwelik hoog geag het, **'n goeie ma was**, 'n beroepsvrou wat 'n fabriek gehad het, goedere ingevoer het, grond besit het, geboer het, klere gemaak het, 'n stoffeerder was en 'n handelaar. Haar krag en waardigheid kom egter nie van die verstommende dinge wat sy bereik het nie, **maar is die gevolg van haar toewyding aan God.**

'n Ma het 'n ontsettende invloed op haar kinders. Van die dag van hulle geboorte af, is 'n ma verantwoordelik om haar kinders groot te maak. 'n Ma spandeer dikwels die meeste tyd met 'n kind en het daarom 'n baie groot invloed op haar kind.

Mag ons kinders hulle ouers waardeer.

Waardeer wat hulle vir julle leer, veral die liefde en gehoorsaamheid aan God.

Vergewe ook jou ouers waar hulle nie volmaak is nie, want jy is ook nie.

Inteendeel wees goeie kinders wat die goeie werk wat jou pa en ma met jou doen en wil doen, waardeer, tot eer van God, ons Hemelse Vader.

**AMEN** (Ds Gerrit Kruger Gereformeerde Kerk Centurion. Sel 082 964 5595)